

DEEL B

EMPIRIESE ONDERSOEK

DEEL B

EMPIRIESE ONDERSOEK

HOOFSTUK 6

OORSIG OOR DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1 INLEIDING

Wie ook al die kind se persoonlikheid bestudeer, huldig 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing oor die ontstaan, die wese, die bestaan en die betekenis van die hele geskape werklikheid. Omdat hierdie lewens- en wêreldbeskouing in die diepste wese van die persoonlikheid gesetel is, is dit religieus gefundeer. Vir die Christen het alles wat hy doen, dink en onderneem slegs een doel : die verheerliking van God. Die mens is 'n religieus-ingestelde wese, 'n persoon, 'n persoonlikheid (Schutte, COVSA no. 5, p.8). Die Christen opvoedkundige onderskei in die menslike persoonlikheid onder andere tussen 'n fisiese, 'n biotiese, 'n psigiese en 'n geestesstruktuur. Die menslike persoonlikheid is egter nie 'n optelsom van sy onderskeie strukture nie; dis 'n eenheid, 'n meer-eenheid. Die mens bestaan as 'n psigies-geestelik-somatiese wese waar die geestesstruktuur die hoogste vlak en kern van die persoonlikheid vorm en alle ander vlakke onder hom beheer. Die empiriese ondersoek is vanuit hierdie beskouing benader (Schutte, 1973, p.1).

Uit die teoretiese besinning en literatuurstudie blyk dit duidelik dat, benewens leesprobleme, ook verskeie ander probleme wat nou verwant aan psigologiese, fisiese, opvoedkundige en omgewingsprobleme is, disharmonie in

kinderleuens kan veroorsaak. Die disharmonie ontstaan as gevolg van 'n interaksie wat tussen al die probleme of sommige ontstaan (Eames, 1960, p.1).

In die eerste deel van hierdie hoofstuk word die doelstellings van die empiriese ondersoek beskryf. Die tweede deel van die hoofstuk handel oor die program van die empiriese ondersoek.

6.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doelwitte van die empiriese ondersoek is opgestel vanuit die gestelde probleme in paragraaf 1.2.

6.2.1 Eerste doelstelling : Die verband tussen persoonlikheid en leesvertraagtheid

6.2.1.1 Rasionaal

Uit die literatuurstudie (vgl. par. 3.7) blyk dit dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen 'n leesvertraagde leerling se persoonlikheid en sy leesvertraagtheid.

Aangesien die vorming van die persoonlikheid 'n individuele proses is (vgl. par. 3.7.2), behoort elke persoon individueel bestudeer te word om vas te stel watter invloed die sosiale omgewing op hom het. Dit blyk uit die literatuurstudie dat as gevolg van die voortdurende interaksie tussen die ontwikkelende kind en sy uitbreidende omgewing sommige motiewe versterk word, terwyl ander se

waarde verminder. Nuwe standarde word gestel en die kind word met nuwe probleme en uitdagings gekonfronteer. Wanneer hierdie eise vir die kind egter te groot is om te hanteer, mag dit lei tot 'n verskeidenheid psigologiese en psigosomatiese probleme. Hierdie probleme kan onder meer ook ernstige leesprobleme tot gevolg hê (vgl. par.3.7.3).

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die ouers en gesinslede (vgl. par 3.7.4), onderwysers (vgl. par. 3.7.5) en maats (vgl. par. 3.7.6) wel deeglik 'n invloed uitoefen op die leesvertraagde leerling se persoonlikheid.

In hierdie ondersoek is daar van die veronderstelling uitgegaan dat die sosiale omgewing en die invloed van die ouers en gesinsgenote, onderwysers en maats 'n belangrike rol in die vorming van die leesvertraagde leerling se persoonlikheid speel.

6.2.1.2 Empiriese navorsing

Hierdie ondersoek het ten doel om die verband tussen persoonlikheid en leesvertraging vas te stel deur middel van evaluering en oueronderhoude.

Drie eksperimentele groepe (A, B en C) leesvertraagde leerlinge is elk drie keer geëvalueer voor die aanvang van die ortopedagogiese hulpverlening, direk na afloop van die ortopedagogiese hulpverlening en nege maande na afloop van die ortopedagogiese hulpverlening (vgl. par. 6.3).

6.2.1.3 Ortopedagogiese hulpverlening

Die ortopedagogiese hulpverlening aan groepe A, B

en C was soos volg:

Groep A: die ouers ontvang voorligting terwyl geen hulp aan die leesvertraagde leerlinge gegee is nie;

Groep B: die ouers ontvang voorligting en die leerlinge ontvang remediërende leesonderrig;

Groep C: die ouers ontvang geen hulp nie, maar die leerlinge ontvang remediërende leesonderrig.

Elkeen van die drie leesvertraagde groepe (A, B en C) het uit 20 leesvertraagde leerlinge bestaan.

6.2.2 Tweede doelstelling : Die daarstelling van gesonde ouer-kindverhoudings

6.2.2.1 Rasionaal

Uit die literatuurstudie (vgl. par. 3.4 - 3.7.4) blyk dit dat die ouers groot invloed op die ontwikkelende persoonlikhede van die leesvertraagde leerlinge uitoefen. 'n Goeie opvoeding word blykbaar vir die leeshandeling vereis. In elke opvoedingsaspek van die kinders word die invloed van die ouers se persoonlikheid waargeneem (vgl. par. 3.7.4).

Volgens die literatuurstudie is daar drie basiese behoeftes waarna alle kinders streef:

1. die handhawing van fisiese gesondheid (vgl. par. 3.5.2.1);
2. die veiligheidsbehoefte en die behoeftes aan toebehoorigheid en aan liefde (vgl. par.3.5.2.2);
en
3. die behoefte tot selfverwesenliking (vgl.

par. 3.5.2.3).

Die leesvertraagde leerling het 'n sterk behoefte en begeerte tot die vervulling van hierdie behoeftes.

Indien daar enige steuringsfaktore by die gesin (vgl. par. 3.6) aanwesig is, kan die leerling sekere probleme ontwikkel en ondervind wat sy emosionaliteit kan beïnvloed. Dit kan aanleiding gee tot leesprobleme of dit kan bestaande leesprobleme vererger.

Weens die aard van die gesinsamestelling (vgl. par. 3.4.2) het die gesin sekere funksies (vgl. par. 3.4.3) waaraan hy moet voldoen.

Met hierdie ondersoek is daar uitgegaan van die hipotese dat die gehalte van die ouer-kindverhouding die hooforsaak van leesvertraging by leerlinge is (Jenson, 1967, p.10-11).

6.2.2.2 Empiriese navorsing

Daar sal met hierdie ondersoek gepoog word om empiries aan te toon wat die verband tussen ouer-kindverhouding en leesvertraging is deur middel van evaluasie en oueronderhoude.

Deur middel van toetsing sal daar vasgestel word in hoeverre die funksieverlies van die gesin (vgl. par. 3.6) die leesvermoë van leesvertraagde leerlinge beïnvloed het en of die ouers in staat is om hierdie funksieverlies te elimineer. Daar sal dan deur toetsing vasgestel word of die ouers by die ortopedagogiese hulpverlening

baat gevind het en of hulle in staat was om die leesprobleem van hul kinders te verbeter.

Deur middel van toetsing sal daar vasgestel word wat die waarde van die vader-kindverhouding is met betrekking tot leesvertraging en of 'n veranderde vader-kindverhouding kan meehelp tot leesverbetering.

6.2.2.3 Ortopedagogiese hulpverlening

Die doel van hierdie aspek van die ondersoek is om 'n gesonde ouer-kindverhouding daar te stel deur voorligting aan ouers van leesvertraagde leerlinge te gee, sonder dat die leerlinge self voorligting ontvang. Deur voorligting aan die ouers van die leesvertraagde leerlinge sal daar gepoog word om die verhouding tussen ouer en kind op so 'n grondslag te plaas dat dit die funksieverlies van die gesin sodanig sal teëwerk dat dit leesverbetering tot gevolg sal hê. Deur voorligting aan die ouers sal daar gepoog word om die vader-kind-en moeder-kindverhoudings op sodanige grondslag te plaas dat dit remediërend op die leesvertraging van hulle kinders sal inwerk.

6.2.3 Derde doelstelling : Die mate waarin ouers emosionele probleme van leesvertraagde kinders kan verbeter

6.2.3.1 Rasionaal

Volgens die literatuurstudie ondervind die oor-grote meerderheid leerlinge met leesprobleme ernstige emosionele probleme wat as die primêre of sekondêre oorsaak van leesvertraging beskou

kan word (vgl. par. 3.2 - 3.8).

Emosionele probleme kan soms as die veroorsakende faktor beskou word by ouditiewe diskriminasie (vgl. par. 3.3.1.2), intelligensieprobleme soos subtoetsverspreiding (vgl. par. 3.3.1.3), swak oog-handkoördinasie (vgl. par. 3.3.1.4), perseverasie (vgl. par. 3.3.2.2), hiperaktiwiteit (vgl. par. 3.3.2.3), lateraliteit en rigtingverwarring (vgl. par. 3.3.2.5), voorgrond agtergrond perseptuele probleme (vgl. par. 3.3.2.6), persoonlikheidsprobleme (vgl. par. 3.7) en 'n swak selfkonsep (vgl. par. 3.8) wat die leeshandeling op verskillende maniere kan strem.

6.2.3.2 Empiriese navorsing

Empiriese navorsing sal onderneem word om vas te stel in welke mate ouers emosionele probleme van leesvertraagde kinders kan verbeter. Dit sal deur middel van toetsing vasgestel word (vgl. par. 6.3) waar elke groep drie keer geëvalueer word : voor die aanvang van die ondersoek, direk na afloop van die ondersoek en nege maande na afloop van die ondersoek. Die drie groepe se resultate word dan met mekaar vergelyk om vas te stel watter groep die beste voordeel uit die ortopedagogiese hulpverlening verkry het. Elke groep se resultate is met vorige toetsresultate vergelyk om sy eie verbetering vas te stel. Die toetse wat op al

drie groepe toegepas is, word in hoofstuk 7 beskryf.

6.2.3.3 Ortopedagogiese hulpverlening

Daar sal geпоog word om emosionele probleme van leesvertraagde leerlinge te verminder deur individuele voorligting aan hulle ouers te gee. Daar word dan met die leesvertraagde leerlinge slegs deur hulle ouers gewerk.

6.2.4 Vierde doelstelling : die verbetering van die leesvertraagde leerling se selfkonsep

6.2.4.1 Rasionaal

Die selfkonsep van 'n leerling sluit drie aspekte in: die selfbeeld, die ideale self en die selfrespek. Indien enige van hierdie aspekte van die selfkonsep op een of ander wyse nadelig beïnvloed word, kan die leesvermoë van 'n leerling daaronder ly (vgl. par. 3.8).

Vir die ontwikkeling van die selfbeeld is die invloed van die ouerhuis van kardinale belang. Leerlinge wat deur ouerlike verwerping of oorbekerming nodig het om te stry en te veg vir primêre status, kan meer spannende verhoudings in nuwe sosiale situasies ontwikkel, wat weer op sy beurt die leesvermoë nadelig kan beïnvloed (vgl. par. 3.8.2.1).

6.2.4.2 Empiriese navorsing

Empiriese navorsing sal onderneem word om vas te stel in welke mate ouers in staat was om die selfkonsep van hul leesvertraagde kinders te

verbeter. Die verbetering van die selfkonsep is deur middel van toetsing vasgestel waar elkeen van die drie groepe leesvertraagde kinders voor die aanvang van die ondersoek geëvalueer is, direk na afloop van die ondersoek en weer nege maande later. Elke groep se drie stelleresultate sal vergelyk word om die verbetering vas te stel en elke groep se drie stelleresultate word met die ander twee groepe s'n vergelyk om vas te stel watter groep die beste vordering getoon het.

6.2.4:3 Ortopedagogiese hulpverlening

Daar is gepoog om die selfkonsep van die leesvertraagde leerlinge te verbeter deur individuele voorligting aan die ouers te verskaf sonder dat die kinders enige ortopedagogiese hulp ontvang het.

6.2.5 Vyfde doelstelling : Die verhoging van waarde wat leesvertraagde leerlinge deur middel van lees verkry sowel as verbetering van leeshoudings en -vaardigheid

6.2.5.1 Rasionaal

Die kind se sosiale omgewing brei met sy toetrede tot die skool geweldig uit en in die voortgesette interaksie tussen die ontwikkelende kind en sy uitbreidende omgewing word sommige dryfvere versterk, terwyl ander se belangrikheid afneem. Nuwe standaarde word gestel en die kind word telkens met nuwe probleme en uitdagings gekonfronteer (vgl. par. 3.7). Hierdie invloed kan die waardes

wat die kind deur lees verkry en sy leeshoudings en -vaardighede ten goede of ten kwade beïnvloed.

6.2.5.2 Empiriese navorsing

Empiriese navorsing sal onderneem word om te bepaal in watter mate die ouers in staat was om die waardes wat deur lees verkry kan word en verbeterde leeshoudings en -vaardighede by hulle kinders te laat posvat. Hierdie verbetering is deur middel van toetsing vasgestel (vgl. hoofstuk 7 en paragraaf 6.3).

6.2.5.3 Ortopedagogiese hulpverlening

Daar sal gepoog word om die verhoging en verbetering van leeswaarde, -houdings en -vaardighede by leesvertraagde leerlinge te weeg te bring deur individuele onderhoude met die ouers.

6.3 METODE VAN ONDERSOEK

6.3.1 Inleiding

Toestemming is van die Direkteur van die Natalse Onderwysdepartement verkry om hierdie ondersoek te onderneem.

Die leerlinge wat aan die ondersoek deel gehad het, was afkomstig uit drie Engelsmedium senior

primêre skole. Die senior-primêre skole in Natal bestaan uit sts. 2 tot 5.

Die metode van ondersoek wat gevolg is en wat in hierdie paragraaf uiteengesit word, sluit in die verwysing van die leerlinge deur die skool en ouers, evaluerings, opvoedkundige diagnose, ortodidakties-ortopedagogiese hulpverlening en die vergelyking van die resultate.

6.3.2 Verwysing van leerlinge

Die 60 leerlinge wat deel gehad het aan die ondersoek is op vyf na almal deur hulle onderskeie skoolhoofde na die skoolsielkundige kliniek te Pinetown verwys. 'n Voltooide "Verwysingsvorm van Skoolhoofde" N.E.D. PSY.21 (kyk Bylaag A) ten opsigte van elke leerling is van die onderskeie skoolhoofde ontvang.

Die vyf leerlinge wat oorspronklik nie deur die skoolhoofde verwys is nie, is deur die ouers self by die kliniek aangemeld. Op versoek is daar vir hulle elkeen 'n vorm PSY.21 deur die betrokke skoolhoofde voltooi.

Die PSY.21 vorms is deur elke leerling se klas-onderwyseres voltooi met verdere opmerkings deur die skoolhoofde waar hulle dit nodig gevind het.

Elke leerling se PSY.21 vorm is ook aan die leerling se klasonderwyseres van die vorige jaar getoon vir die byvoeging van bykomstige inligting.

Die volgende redes vir die verwysing is deur die

onderwyseresse op vorm PSY.21 vermeld : spesifieke onderprestasie¹⁾, algemene swak prestasie, gedragsprobleem, emosionele probleem, huislike probleem, spraakprobleem, voorligting, seksuele probleem, hiperaktiwiteit, aandagtrekkery en afknouerigheid (vgl. par. 8.2 vir 'n ontleding van die probleme).

6.3.3 Selektering van leerlinge vir die ondersoek

Voorlopige evaluering het plaasgevind deur gebruikmaking van beskikbare IK-resultate (NSAG) soos dit op vorm PSY.21 verskyn het. Al die leerlinge wat verwys is met 'n totale IK van minder as 105 is onmiddellik uitgeskakel, omdat daar 'n positiewe verhouding bestaan tussen skrandtheid soos weergegee deur IK en die mate van verbetering in remediërende lees, alhoewel die korrelasies nie hoog is nie (Chansky, 1963, p.439; vgl. par. 4.4.1.2). Aangesien dit die verwagting was dat die leerlinge onder andere leesprobleme ondervind, kan aanvaar word dat hulle IK's moontlik hoër sal wees op 'n individuele intelligensietoets, omdat die leesvermoë nie 'n rol sal speel by so 'n toets nie.

Vervolgens is die skolastiese prestasievlak van die hooftaal in lees, skryf, spelling, begripsvermoë en mondelinge werk op die PSY.21 nagegaan. Slegs 71 leerlinge wat deur die onderwyseres in minstens drie van die bogenoemde vermoëns as swak of baie swak bestempel is of wat onder 50% daarin behaal het, is vir die volgende selektering geneem.

Slegs 60 kinders van die aanvanklike 71 leerlinge

1) dit sluit veral leesvertraging in

wat nog nie gedruip het nie, is gekies vir die ondersoek en die eerste werklike evaluering.

Geeneen van die groep wat vir die eerste evaluering uitgekies is, het reeds meer as vier skole bygewoon nie. Elke leerling het minstens twee skole bygewoon, veral as gevolg van die feit dat die Junior en Senior Primêre Skole in Natal meestal twee afsonderlike skole is. Daar is besluit op 'n maksimum van vier verwisselings van skool om sodoende rondtrekkende ouers tot 'n minimum te beperk sodat die ondersoek nie ontwrig sou word nie. Hierdie voorsorgmaatreël was uit die aard van die saak nie onfeilbaar nie.

Slegs leerlinge met Engels as huistaal is vir die ondersoek in aanmerking geneem. Leerlinge wat twee tale by die huis gepraat het of 'n ander taal soos Frans, is uitgelaat om die moontlikheid van taalverwarring uit te skakel. Hierdie gegewens is onder punt A, Algemeen, op die PSY.21 (vgl. Bylaag A) verkry.

6.3.4 Eerste evaluering

6.3.4.1 Inleiding

Op grond van die resultate van die selektering van die leerlinge vir die ondersoek is die 60 leesvertraagde leerlinge in drie homogene groepe ingedeel, naamlik 'n proefgroep (groep A) en twee kontrolegroepe (groepe B en C) van 20 leerlinge elk (vgl. par. 6.3.6).

Elke groep (groepe A, B & C) is drie keer geëva-

lueer. Die eerste evaluering het voor die aanvang van die ondersoek plaasgevind. Die tweede evaluering het 'n jaar na die eerste evaluering plaasgevind (vgl. par. 6.3.10). Gedurende hierdie tydperk het elke groep sy eie ortopedagogiese hulpverlening ontvang (vgl. par. 6.3.9).

Die derde evaluering het nege maande na die tweede evaluering geskied. Gedurende hierdie tydperk het die drie groepe geen ortopedagogiese hulp ontvang nie (vgl. par. 6.3.8).

Die 60 leerlinge wat gekies is, soos in par. 6.3.3 en 6.3.6 beskryf is, is aan die eerste evaluering onderwerp.

6.3.4.2 Doel van die eerste evaluering

Die doel van die eerste evaluering was soos volg:

- a) Om leerlinge uit te soek wat twee jaar of meer leesvertraagd was. Twee jaar leesvertraging is gekies om vertraagde ryping in 'n sekere mate uit te skakel. 'n Leesvertraging van twee jaar of meer dui op 'n ernstige mate van leesvertraging.
- b) Om 60 leerlinge te vind wat aan al bogenoemde vereistes voldoen.
- c) Om die 60 gekose leerlinge in drie homogene groepe (A, B & C) te kan verdeel.
- d) Om gegewens te verkry wat met die tweede en

derde evaluerings vergelyk kon word . Elke groep is dus drie keer geëvalueer. Elke groep se tweede evaluering is met sy eerste evaluering vergelyk en die derde evaluering is met die tweede en die eerste vergelyk. Die drie evaluerings van elke groep is ook met dié van die ander twee groepe vergelyk.

e) Om agtergrondgegevens te verkry vir onderhoude met die ouers.

6.3.4.3 Metodes en tegnieke van die eerste ondersoek

Gedurende die eerste ondersoek is van die volgende metodes en tegnieke gebruik gemaak:

6.3.4.3.1 Intelligensietoets

Gedurende die eerste ondersoek is die Engelse uitgawe van die "Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal" op elke leerling toegepas (vgl. par. 7.2.3).

6.3.4.3.2 Leestoets

Om die leesvermoë van die leerlinge te bepaal, is gebruik gemaak van die "Burt rearranged word reading test" (vgl. par. 7.3).

6.3.4.3.3 Persoonlikheidstoets

Vir die ontleding van die leerlinge se persoonlikheid is die "Children's Personality Questionnaire" (CPQ) toegepas (vgl. par. 7.4).

6.3.4.3.4 Projektiewe tegnieke

Ter aanvulling van die persoonlikheidsontleding van die leesvertraagde leerlinge is van die volgende projektiewe tegnieke gebruik gemaak:

- a) die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" (vgl. par. 7.5); en
- b) die "Draw-a-family" projektiewe tegniek (vgl. par. 7.5).

6.3.4.3.5 Vraelyste

Om 'n evaluering van die leesvertraagde leerling se afwykende gedrag (indien enige) te maak is die volgende twee vraelyste van die "Bristol Social Adjustment Guides" gebruik:

- a) "The child in school" wat deur die klas- onderwyseres voltooi is (vgl. par. 7.6.1).
- b) "The child in the family" wat deur die ondersoeker voltooi is (vgl. par. 7.6.2).

6.3.4.3.6 Skooleksamens

Elke leerling se skolastiese vordering is vanuit die Ed. Lab.-kaarte verkry (vgl. par. 7.7).

6.3.5 Opvoedkundige diagnose

6.3.5.1 Inleiding

Nadat die verskillende evaluerings gemaak is, is na aanleiding van die resultate 'n opvoedkundige diagnose van elke leerling en van elk van die drie groepe gemaak.

Dit is soms moontlik om 'n diagnose van leesvertraging te maak bloot deur middel van vergelyking van die resultate soos wanneer 'n leerling 'n bogemiddelde intelligensie het, terwyl sy leesouderdom drie jaar laer is as sy chronologiese ouderdom. Dit is egter nodig om, weens die volgende redes, 'n meer presiese opvoedkundige diagnose van leesvertraagtheid te maak:

- i) om leerlinge in 'n rangorde volgens die graad van leesvertraagtheid te rangskik;
- ii) om die wenslikheid te bepaal of 'n leerling in 'n remediërende program opgeneem behoort te word;
- iii) om statistiese studies te maak van die herhaling van die voorkoms van leesvertraging; en
- iv) om groepe leesvertraagde leerlinge in groepe te plaas vir eksperimentele doeleindes (Harris & Sipay, 1976, p.145-146).

Om tot 'n opvoedkundige diagnose van die leesvertraagtheid van die groepe te geraak, is van die volgende gebruik gemaak : intelligensie-ontleding, leesouderdom, leesverwagtingsouderdom, leesverwagtingskwosiënt, chronologiese ouderdom, verstandsouderdom en die ontleding van al die toetse en vraelyste.

6.3.5.2 Intelligensie-ontleding

'n Ontleding van die intelligensie is gemaak

om vas te stel of daar enige algemene tendense by die leesvertraagde leerlinge bestaan (vgl. par. 8.7.2).

6.3.5.3 Leesouderdom (LO)

'n Leesouderdom is die vlak, in jare en maande, waarop 'n kind lees, ongeag sy chronologiese ouderdom of intelligensie (Westwood, 1975, p.13). Die leesouderdom, in jare en maande, word gewoonlik soos volg geskryf : 9.7 jaar wat beteken dat die leerling op 'n nege jaar en sewe maande-vlak lees. Die jare en maande word gewoonlik deur 'n punt geskei. Vir die doel van hierdie ondersoek is die maande na tiendes van 'n jaar verwerk en word die jaar en die maand deur 'n komma geskei. Indien daar in hierdie ondersoek verwys word na 'n leerling met 'n LO van 9,5 jaar, beteken dit dat sy LO nege jaar en ses maande is.

In hierdie ondersoek is die leesouderdomme van die leerlinge van tabelle afgelees (vgl. par. 8.7.1; 10.2 en 10.3) en die maande is na tiendes van jare verwerk.

Indien 'n leerling 'n leesouderdom het wat laer is as sy chronologiese ouderdom, kan hy beskou word as 'n swak leser of dat hy leesvertraagd is. Om bloot net leesouderdom as kriterium vir die bepaling van leesvertraagtheid te neem, kan soms misleidend wees omdat die intellektuele vermoë byvoorbeeld nie in aanmer-

king geneem word nie.

Om tot 'n deeglike opvoedkundige diagnose te kom, behoort die leesouderdom van 'n leerling ook met sy intelligensie, chronologiese ouderdom, verstandsouderdom, leeskwosiënt en leesverwagtingsouderdom en -kwosiënt vergelyk te word.

6.3.5.4 Chronologiese ouderdom (CO)

Die chronologiese ouderdom word bepaal deur die verskil tussen die datum wanneer die leerling 'n toets afgelê het en die geboortedatum van die leerling. Die chronologiese ouderdom (CO) word in hierdie ondersoek in jare en tiendes van 'n jaar uitgedruk. Die jaar en die maand word deur 'n komma geskei.

6.3.5.5 Leesverwagtingsouderdom (L verw. 0)

Die leesverwagtingsouderdom van 'n leerling "...should be an informed estimate of the level of reading achievement that can realistically be expected of an individual when the relevant facts are known." (Harris & Sipay, 1976, p.147)

Intelligensietoetstellings word algemeen gebruik om die verwagte leesvermoë of verwagte leespotensiaal te bepaal. Leesverwagtingsouderdom varieer met die toets wat gebruik word om die leespotensiaal te bepaal (Reed, 1970, p.347-352). Die bepaling van die leesverwagtingsouderdom behoort altyd vergelyk te word met die chronologiese ouderdom, motivering,

kwaliteit van die opvoeding, konseptuele en opvoedkundige agtergrond van die leerling. Die bepaling van die leesverwagtingsouderdom word meestal gebaseer op die meting van intelligensie (soos in hierdie ondersoek), leerpotensiaal of luisterbegripsvermoë (Harris & Sipay, 1976, p.147).

Die leesverwagtingsouderdom (L verw. O) aanvaar die meerdere belangrikheid van intelligensie, maar erken tog die invloed van ander ouderdomsverwante kenmerke in leesverwagting. Dit ken aan verstandsouderdom twee maal soveel gewig toe as aan chronologiese ouderdom (Harris & Sipay, 1976, p.152).

Die formule om die L verw. O te bereken kan soos volg geskryf word:

$$L \text{ verw } O = \frac{2 VO + CO}{3} \quad \begin{array}{l} (VO \text{ --- verstandsouder-} \\ \text{dom} \\ CO \text{ --- chronologiese} \\ \text{ouderdom}) \end{array}$$

VO en CO behoort in jare en tiendes van jare in die formule uitgedruk te word om die L verw. O te bereken. Die L verw. O sal dan ook in jare en tiendes van jare wees.

Die VO word bereken deur gebruik te maak van die bekende formule : $VO = \frac{CO \times IK}{100}$

6.3.5.6 Leesverwagtingskwosiënt (L verw. K)

Die leesverwagtingskwosiënt (L verw. K) is 'n kwosiënt wat aantoon in watter mate 'n leerling se huidige algemene vlak van leesvermoë

met sy verwagte leesvlak vergelyk (Harris & Sipay, 1976, p.152).

Die L verw. K kan met die volgende formule bereken word:

$$L \text{ verw. K} = \frac{LO \times 100}{L \text{ verw. O}}$$

(LO — Leesouderdom
L verw. O — Leesverwagtingsouderdom)

In hierdie ondersoek is die leesverwagtingskwo-siënt van elke leerling sowel as die gemiddelde leesverwagtingskwo-siënt van elke groep bereken (vgl. par. 8.7.3; 10.2 & 10.3).

Die verskil tussen leesprestasie en die verwagte leesprestasie kan beskou word as binne die normale perke wanneer die leesverwagtingskwo-siënt tussen 90 en 110 val. Die afsnydings-punt van 90 neem in aanmerking dat baie van die verkreë verskille kunsmatig kan wees wat gebaseer is op foute van die meting. 'n L verw. K van onder 90 is 'n aanduiding dat die leerling misluk om volgens verwagting te lees en dat daar 'n leesprobleem of onderprestering in lees aanwesig is, met min moontlikheid dat die verskil te wyte is aan foute in die meting. Hoe laer die L verw. K hoe ernstiger is die leesafwyking. Oor die algemeen dui 'n L verw. K van 85 tot 89 die teenwoordigheid van 'n leesgebrek aan en 'n L verw. K van onder 85 is 'n aanduiding dat die leesgebrek ernstig is. Hoe hoër 'n leerling se L verw. O, hoe laer sal sy L verw. K wees (Harris & Sipay, 1976, p.

152-153).

Leesverwagtingskwosiënte van bokant 110 is 'n aanduiding dat die leesvermoë van die leerling bokant sy verwagte peil van lees is en dit is oor die algemeen 'n teken van meer as gemiddelde oefening of besonder goeie metodes van die onderrig van lees (Magginnis, 1972, p.750-753).

6.3.5.7 Berekening van die leeskwosiënt (LK)

Die leeskwosiënt (LK) word bereken om so akkuraat moontlik onderskeiding te maak tussen leesvertraagde lesers wat dit onmoontlik vind om akademies op hul standerdvlak te presteer as gevolg van hulle swak leesvermoë en onderpresteerders wie se leesvermoë voldoende is vir die standerdvereistes, alhoewel hul leesvermoë swakker is as hulle verwagte leesvlak. Hierdie onderskeiding is verkry deur die leeskwosiënt (LK), wat soos volg bereken word:

$$LK = \frac{LO \times 100}{CO} \quad \begin{array}{l} (LO \text{ --- Leesouderdom} \\ CO \text{ --- Chronologiese} \\ \text{ouderdom}) \end{array}$$

(Harris & Sipay, 1976, p.153; Westwood, 1975, p.13).

Die leeskwosiënt gee 'n beter aanduiding van verbetering in leesvermoë nadat die leerling hertoets word nadat hy ortopedagogiese hulp ontvang het (Westwood, 1975, p.40).

Indien 'n leerling se L verw. K en LK beide onder 90 is, dan kan sy leesvermoë beskou word

as betekenisvol laer as sy eie leesverwagting en die normale prestasie vir sy ouderdomsgroep. Sodanige leerling sal dan beskou word as 'n leerling met 'n besliste leesgebrek.

6.3.5.8 Onderskeiding tussen leesvertraagde leerlinge, onderpresteerders in lees en stadige lesers

Om te onderskei tussen leesvertraagde leerlinge, onderpresteerders in lees en stadige lesers kan die bogenoemde prosedures soos volg gebruik en geïnterpreteer word.

6.3.5.8.1 Leesvertraging

'n Leerling met 'n CO van 10 jaar en 7 maande (CO = 10,6) en 'n IK van 110 het byvoorbeeld 'n LO van 8,7. Om te bereken of hierdie leerling leesvertraagd is, word soos volg te werk gegaan :

$$\begin{aligned} \text{i) } VO &= \frac{CO \times IK}{100} \\ &= \frac{10,6 \times 110}{100} \\ &= \underline{11,66} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{ii) } L \text{ verw. } 0 &= \frac{2 VO + CO}{3} \\ &= \frac{2 (11,66) + 10,6}{3} \\ &= \underline{11,31 \text{ jaar}} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{iii) } L \text{ verw. } K &= \frac{LO \times 100}{L \text{ verw. } 0} \\ &= \frac{8,7 \times 100}{11,31} \\ &= \underline{76,92} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 \text{iv) LK} &= \frac{10 \times 100}{\text{CO}} \\
 &= \frac{8,7 \times 100}{10,6} \\
 &= \underline{82,08}
 \end{aligned}$$

Aangesien hierdie leerling beslis benede die kritiese waarde van 90 op beide die L verw. K en LK is, is daar geen probleem om hom te herken as 'n leesvertraagde leerling nie.

6.3.5.8.2 Onderpresteerder in lees

'n Leerling met 'n VO van 14 jaar en 6 maande (VO=14,5) gebaseer op sy CO van 11 jaar en sewe maande (VO=11,6 jaar) en IK van 125 het byvoorbeeld 'n leesvermoë van 11,2 jaar (LV is 11 jaar drie maande)

$$\begin{aligned}
 \text{i) L verw. O} &= \frac{2(14,5) + 11,6}{3} \\
 &= \underline{13,5 \text{ jaar}}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 \text{ii) L verw. K} &= \frac{11,2 \times 100}{13,5} \\
 &= \underline{83} (82,96)
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 \text{iii) LK} &= \frac{11,2 \times 100}{11,6} \\
 &= \underline{97} (96,55)
 \end{aligned}$$

Hierdie leerling is beslis onder die verwagte peil in leesvermoë met 'n L verw. K van 84, maar sy LK van 97 is 'n aanduiding dat sy leesvermoë baie naby is aan die gemiddeld vir sy ouderdom en dat hy eerder beskou moet word as 'n onderpresteerder in

lees as 'n leesvertraagde leerling.

6.3.5.8.3 Stadige leser

'n Leerling met 'n VO van 7,3 jaar wat gebaseer is op sy CO van 9,1 jaar en IK van 82 het 'n LO van 7,5. Die berekening om vas te stel in welke leesgroep hy val, word soos volg gedoen :

$$\text{i) L verw. O} = \frac{2(7,3) + 9,1}{3}$$

$$= \underline{7,9 \text{ jaar}}$$

$$\text{ii) L verw. K} = \frac{7,5 \times 100}{7,9}$$

$$= \underline{94,94}$$

$$\text{iii) LK} = \frac{7,5 \times 100}{9,1}$$

$$= \underline{82,42}$$

Alhoewel hierdie leerling beslis onder die gemiddeld in leesvermoë is volgens sy ouderdom (LK van 82,42), is sy L verw. K van 94,94 bokant die afsnydingspunt van 90. Daarom kan hierdie leerling beskou word as iemand wat stadig leer lees.

6.3.5.9 Ontleding van die "Persoonlikheidsvraelys vir Kinders"

Elkeen van die 60 leerlinge het die Engelse weergawe van die "Persoonlikheidsvraelys vir Kinders" (PVK) afgelê en 'n persoonlikheidsprofiel, na aanleiding van Cattell se sestien eerste-ordefaktore, is van elke leerling gemaak (vgl. par. 8.7). 'n Groepprofiel is vir elk

van groepe A, B en C vir vergelykingsdoeleinde opgestel. Verdere vergelyking is met die tweede (vgl. par. 10.2) en derde evaluering (vgl. par. 10.3) gemaak, sodat vasgestel kon word of daar enige persoonlikheidsveranderinge ingetree het na die ortopedagogiese hulpverlening.

6.3.5.10 Ontleding van die projektiewe tegnieke

Twee projektiewe tegnieke is op elke leerling toegepas en geïnterpreteer, naamlik die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" (vgl. par. 7.5) en die "Draw-a-family"-tekentoets (vgl. par. 7.6).

6.3.5.10.1 Die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" (HABG)

By die eerste, tweede en derde evaluering is 'n ontleding van die HABG gedoen sodat 'n vergelyking gemaak kon word om te bepaal of veral die volgende vermoëns baat gevind het by die ortopedagogiese hulpverlening:

- a) of daar enige verandering ingetree het by die leerlinge se "adience-abience" vermoë (vgl. par. 7.2.3.2; 8.7.5; 10.2.2 & 10.3.2);
- b) die vermoë tot spasiëring;
- c) die vermoë tot verkleining in die breedte van die figuur;
- d) die plasing van die eerste figuur op die bladsy;

e) die bepaling van die vermoë verbonde aan die verandering van vorm en gestalt; en

f) die faktore verbonde aan draaiing.

Deur vergelyking van die resultate was dit moontlik om te bepaal watter groep (A, B of C) die beste voordeel uit die ortopedagogiese hulpverlening verkry het.

6.3.5.10.2 Ontleding van die "Draw-a-family"-tekentoets
Groepe A, B en C het die gesinstekentoets met die eerste, tweede en derde evaluering afgeleë. Hierdie toets is veral afgeleë om die leesvertraagde leerling se houding teenoor sy gesin en individuele lede van sy gesin te bepaal. Gemiddelde tellings is van elke groep bereken.

6.3.5.11: Ontleding van die "Bristol Social Adjustment Guides"

Die twee "Bristol Social Adjustment Guides" wat op elke leerling van groepe A, B en C toegepas is, is

- a) "The child in school" en
- b) "The child in the family".

Die vraelys "The child in school" is met die eerste, tweede en derde evaluering deur die betrokke klasonderwyseresse voltooi. Daar is aparte vraelyste vir seuns en dogters. Gemiddelde tellings is vir elke evaluering vir elke groep bereken. Hiervolgens kon die mate van

verbetering in die klassituasie van elk van die drie groepe bepaal word. Die resultate van die drie groepe kon met elk van die tweede en derde evaluering vergelyk word om vas te stel watter groep die beste voordeel uit sy ortopedagogiese hulpverlening verkry het (vgl. par. 7.2.5; 8.7; 10.2 & 10.3).

Die vraelys "The child in the family" is vir die eerste, tweede en derde evaluering deur die ondersoeker self voltooi. Vir vergelykingsdoeleindes is dieselfde procedure gevolg as met die vraelys "The child in school" (vgl. par. 8.7; 10.2 & 10.3).

6.3.5.12 Ontleding van die skolasiese vordering

Die resultate van die leerlinge se skolasiese vordering is vanaf die Ed. Lab.-kaart verkry. Die eerste en tweede evaluering se resultate is met mekaar vergelyk om vas te stel watter groep se skolasiese vordering verbeter het as gevolg van die ortopedagogiese hulpverlening. Die tweede en derde evaluering se resultate is vergelyk om vas te stel watter groep die beste langtermynvordering getoon het.

6.3.6 Plasing in drie groepe

Die opvoedkundige diagnose van die 60 leesvertraagde kinders in drie Engelsmediumskole in dieselfde voorstad van Durban, is bepaal soos in die vooraf-

gaande paragraaf bespreek.

Alhoewel sommige van die kinders individuele remediërende leesonderrig sou ontvang en sommige ouers individuele voorligting, is die kinders en hulle ouers in drie groepe ingedeel. Die groepe kan as min of meer ekwivalent beskou word omdat die leesvertraagde leerlinge soos volg ingedeel is:

- a) Elke groep bestaan uit 20 leesvertraagde leerlinge met hulle ouers.
- b) Die helfte van elke groep was in st. 3 en die helfte in st. 4.
- c) Elkeen van die drie groepe het minstens drie kinders van st. 3 uit elke skool bevat. Die selfde het vir die st. 4 leerlinge gegeld.
- d) Nie een van die kinders het al voorheen gedruip of was weens ouderdom oorgeplaas nie.
- e) Nie een van die leerlinge het 'n laer IK as 105 op die NSAG behaal nie.
- f) Elke leerling was deur die klasonderwyseresse as swak of baie swak in minstens drie van die volgende vermoëns in die hooftaal (Engels) beskou : lees, skryf, spelling, begrip en mondelinge werk.
- g) Geeneen van die kinders het meer as vier skole bygewoon nie en elke leerling het minstens twee skole bygewoon.
- h) Elkeen van groepe A, B en C het 'n gemiddelde IK van hoër as 110 gehad soos bepaal met be-

hulp van die NSAIS. Die gemiddelde IK van elke groep was soos volg:

Groep A	:	115,6
Groep B	:	115,1
Groep C	:	117,1.

- i) Elkeen van die kinders het 'n leesagterstand van twee jaar of meer in vergelyking met hulle chronologiese ouderdom gehad. Die gemiddelde leesvertraging (met die aanvang van die ondersoek) van die onderskeie groepe was soos volg:
- | | | |
|---------|---|-----------|
| Groep A | : | 2,6 jaar |
| Groep B | : | 2,3 jaar |
| Groep C | : | 2,4 jaar. |
- j) In elke geval was die huistaal (sowel as die medium van onderrig) uitsluitlik Engels.
- k) Al die kinders is van 'n hoë sosio-ekonomiese agtergrond as gevolg van ouers se inkomste (vgl. par. 9.2.4.2).
- l) Die groepe is verkry uit drie verskillende gemeende skole wat in dieselfde voorstad van Durban geleë is.

Op grond van die resultate van die opvoedkundige evaluering is die leesvertraagde leerlinge in drie groepe ingedeel, naamlik 'n eksperimentele groep en twee kontrolegroepe van 20 kinders elk.

Die eksperimentele groep (Groep A) sou geen remediërende leesonderrig ontvang nie, maar die ouers van hierdie kinders het egter vir 'n tydperk van

'n jaar individuele voorligting ontvang soos in hoofstuk 9 beskryf.

Die leerlinge van die eerste kontrolegroep (Groep B) het vir 'n tydperk van 'n jaar twee maal per week elk vir 'n halfuur lank, individuele remediërende leesonderrig van 'n gekwalifiseerde en ervare remediërende onderwyseres ontvang. Hierdie groep se ouers het vir dieselfde tydperk individuele voorligting ontvang, soos in hoofstuk 9 beskryf.

Die leerlinge van die tweede kontrolegroep (Groep C) het vir dieselfde tydperk as Groep B remediërende leesonderrig ontvang by dieselfde remediërende onderwyseres as Groep B. In hierdie geval het die ouers egter geen voorligting ontvang nie.

6.3.7 Toestemming van die ouers

Al die ouers van groepe A, B en C was bewus daarvan dat hulle kinders na die Skoolsielkundige Kliniek verwys is, aangesien hulle deur hul onderskeie skoolhoofde in kennis gestel is.

Nadat die kinders in die groepe A, B en C verdeel is, is die toestemming van die ouers gevra vir deelneming aan die ondersoek. Hierdie versoek is mondeling aan die ouers gerig en die toestemming is ook mondeling gegee dat hulle en die kinders aan die ondersoek kon deelneem. Uit 60 gevalle waar die ouers genader is, het slegs een ouer, dit wil sê 1,6% van die totale aantal gevalle, nie sy weg oopgesien vir die ondersoek nie, omdat daar 'n sterk moontlikheid was dat die vader deur sy werk verplaas kon word.

Hierdie leerling se plek is gevul voordat die ondersoek 'n aanvang geneem het en toestemming is van hierdie ouers ontvang vir deelname aan die ondersoek.

6.3.8 Tydsduur van die ondersoek

Die ondersoek het oor 'n tydperk van een jaar gestrek. Die indeling van die groepe, voorlopige en eerste evaluering asook die opvoedkundige diagnose, is gedurende die eerste kwartaal van 1976 afgehandel. Die werklike ondersoek het vanaf die begin van die tweede kwartaal in 1976 gestrek tot aan die einde van die eerste kwartaal in 1977. Daarna is die tweede evaluering op al drie groepe toegepas.

Drie kwartale later, met ander woorde ongeveer nege maande na afloop van die ondersoek, aan die einde van November en begin van Desember 1977, is die derde evaluering gedoen.

Die ouers van groepe A en B het dus voorligting ontvang vir een volle jaar, met uitsondering van die skoolvakansies.

Die leesvertraagde kinders van groepe B en C het intensiewe remediërende onderrig in lees vir 'n tydperk van een jaar ontvang. Hierdie deel van die ondersoek het gelyktydig met die ander deel van die ondersoek, waar die ouers voorligting ontvang het, geskied.

6.3.9 Ortodidakties-ortopedagogiese hulpverlening

Die hulpverlening wat aan die ouers van groepe A en B aangebied is, is ortopedagogies terwyl die

leerlinge van groepe B en C ortodidaktiese hulpverlening ontvang het. 'n Uiteensetting van die ortodidaktiese en ortopedagogiese hulpverlening word in hierdie paragraaf bespreek.

6.3.9.1 Ortopedagogiese hulpverlening

6.3.9.1.1 Algemeen

By die praktiese deel van hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die gekombineerde of eklektiese onderhoudsmetode (vgl. par. 5.5.3 & 9.2) wat in die geval van hierdie ondersoek op die heropvoeding (vgl. par. 5.5.3) van die ouer sowel as van die leerlinge van groepe A en B gemik is.

Met die heropvoeding van die ouers is die mikpunt veral 'n beter begrip van die probleme van hulle kinders en om beter ouer-kindverhoudinge te bewerkstellig. Die heropvoeding van die leerling sou na verwagting deur die ouers gedoen word, veral as gevolg van die beter ouer-kindverhoudinge wat beoog is.

Die ortopedagogiese deel van die ondersoek is in vier afdelings verdeel:

6.3.9.1.2 Die eerste afdeling: ontmoeting van die ouers

Die eerste afdeling van die ondersoek het bestaan uit die individuele ontmoeting van die 60 ouers deur die ondersoeker. Hierdie ontmoeting kan as die eerste onderhoud

vir die ouers van groepe A en B beskou word en as die enigste onderhoud vir die ouers van groep C.

Die doel van die ondersoek is aan die ouers gestel, naamlik dat groep A se ouers voorligting sou ontvang en dat die leerlinge geen definitiewe hulp sou ontvang nie. Aan groep B se ouers is dit duidelik gestel dat die ouers self voorligting sou ontvang, terwyl die kinders remediërende leesonderrig sou ontvang. Aan die ouers van groep C is dit gestel dat die kinders remediërende leesonderrig sou ontvang en dat die ouers geen voorligting sou ontvang nie.

Die probleem van die leerlinge is breedvoerig aan die ouers gestel, soos dit uit die opvoedkundige diagnose duidelik geword het.

Hierdie aanvanklike onderhoud het 'n verdere doel gedien, naamlik die verkryging van die nodige agtergrondsgewens soos die gesinsamestelling, die ontwikkelingsgeskiedenis van die kind en die kind se probleem soos die ouers dit sien.

Die skedule waarvolgens die ondersoeker die ouers sou spreek¹⁾, is aan hulle verduidelik en 'n rooster is opgestel. Die skedule is in een tydperk van ses maande en twee tydperke van drie maande elk verdeel soos

1) "Spreek" beteken dat die ouers na die ondersoeker se kantoor vir 'n onderhoud gekom het.

in par. 6.3.9.1.3 tot 6.3.9.1.5 hieronder beskryf:

6.3.9.1.3 Die tweede afdeling : Die eerste tydperk van ses maande

Hierdie tydperk van ses maande het vanaf April 1976 tot en met September 1976 geduur. Gedurende hierdie tydperk is die ouers op die volgende wyse gespreek : die moeder die een week en die vader die volgende week, terwyl beide ouers een keer per maand gesamentlik gespreek is. As gevolg van vakansies kon beide ouers nie ewe veel keer individueel gespreek word nie (vgl. tabel 6.1).

Volgens hierdie prosedure is die moeders in hierdie tydperk 12 keer en die vaders 10 keer individueel gespreek, terwyl beide ouers ses keer gesamentlik gespreek is.

6.3.9.1.4 Die derde afdeling : Die eerste tydperk van drie maande

In hierdie tydperk van drie maande, vanaf Oktober 1976 tot Desember 1976, het die onderhoude net soos dié van die eerste tydperk verloop, behalwe dat die periode tussen die individuele onderhoude van een week na twee weke verleng is. Die ouers is ook een keer per maand gesamentlik gespreek. Daar is nege onderhoude met die ouers gevoer (vgl. tabel 6.1).

6.3.9.1.5 Die vierde afdeling : Die tweede tydperk
van drie maande

Gedurende hierdie tydperk, vanaf Januarie 1977 tot Maart 1977, is slegs een van die ouers individueel per maand gesprek, terwyl beide ouers een keer per maand gesamentlik gesprek is. Die moeders is in hierdie tydperk twee keer individueel gesprek en die vaders een keer. Die ouers het elk ses keer vir onderhoude gekom (vgl. tabel 6.1).

Gedurende die jaar wat die ondersoek geduur het, is elk van die vaders van groep A en groep B 14 keer en elk van die moeders 17 keer gesprek. Beide ouers van elke groep is 12 keer saam gesprek. In totaal was 33 onderhoudsessies aan elke ouerpaar van groepe A en B afgestaan.

Ouers is toegelaat om tydens die ondersoek en tussen die onderhoude telefonies met die ondersoeker gedurende kantoorure te skakel indien hulle dit nodig geag het weens onvoor-siene probleme wat opgeduik het.

Tabel 6.1

Opsomming van onderhoude per ouerpaar van groepe A en B

Maand	GROEP A			GROEP B		
	Vader	Moeder	Ouers gesamentlik	Vader	Moeder	Ouers gesamentlik
<u>Eerste tydperk : ses maande</u>						
April	2	2	1	2	2	1
Mei	2	3	1	2	3	1
Jun.	2	1	1	2	1	1
Jul.	0	1	1	0	1	1
Aug.	2	3	1	2	3	1
Sept.	2	2	1	2	2	1
Totaal	10	12	6	10	12	6
<u>Tweede tydperk : drie maande</u>						
Okt.	1	1	1	1	1	1
Nov.	1	1	1	1	1	1
Des.	1	1	1	1	1	1
Totaal	3	3	3	3	3	3
<u>Derde tydperk : drie maande</u>						
Jan.	0	1	1	0	1	1
Feb.	1	0	1	1	0	1
Maart	0	1	1	0	1	1
Totaal	1	2	3	1	2	3
	14	17	12	14	17	12

6.3.9:2 Ortodidaktiese hulpverlening

Die leerlinge van groep B (dié ouers het ook voorligting ontvang) en groep C het remediërende leesonderrig van 'n ervare en gekwalifiseerde remediërende onderwyseres ontvang. Hierdie remediërende leesonderrig het, net soos die ortopedagogiese hulpverlening, 'n jaar geduur.

Remediërende onderwyseres A het oor die volgende kwalifikasies beskik: 'n drie jaaronderwysdiploma, 'n B.A.-graad met Sielkunde as een van die hoofvakke en 'n universiteitsdiploma van een jaar in remediërende onderrig. Sy het nege jaar onderwysondervinding en vyf jaar praktiese ondervinding van remediërende onderrig.

Remediërende onderwyseres B het dieselfde akademiese en professionele kwalifikasies as remediërende onderwyseres A. Sy het 14 jaar onderwyservaring en 11 jaar praktiese ondervinding van remediërende onderrig.

Elke leerling van groepe B en C het gedurende die vier kwartale wat die ondersoek geduur het remediërende leesonderrig vir die hele tydperk ontvang, met uitsondering van die tydperke van skoleksamens en -vakansies.

Die leerlinge het twee keer per week vir 'n tydperk van 32 weke remediërende leesonderrig ontvang; dus 'n totaal van 64 lesse gedurende die ondersoek. Elke lesperiode was 'n halfuur lank met 'n totaal dus van 32 uur per leerling.

6.3.10 Tweede evaluering

Die tweede evaluering het aan die einde van die ondersoek plaasgevind, met ander woorde nadat groepe A en B se ouers vir 'n jaar voorligting ontvang het en groepe B en C se leerlinge remediërende leesonderrig gedurende dieselfde tydperk.

Met die tweede evaluering is die volgende toetse op groepe A, B en C toegepas :

- a) Leestoetse :
 - i) "Burt's Graded Reading Vocabulary Test".
- b) Persoonlikheidstoetse en projektiewe tegnieke :
 - i) Die "Persoonlikheidsvraelys vir kinders" (PVK). Soos met die eerste evaluering is die vraelys groepsge-wys afgeneem. Die leerlinge het die vrae op die vorm gevolg terwyl die ondersoeker die vrae hardop aan hulle voorgelees het. Dié prosedure is gevolg omdat die leerlinge leesvertraagd was.
 - ii) Die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test".
 - iii) "Draw-a-family"-tekentoets.
- c) Vraelyste :
 - i) Die "Bristol Social Adjustment Guides. The Child in School" en die

- ii) "Bristol Social Adjustment Guides: The Child-in-the-Family" is by die tweede evaluering afgeneem.

Net soos by die eerste evaluering, is die "Child in School" deur die betrokke klasonderwyseresse voltooi, terwyl ondersoeker self die "Child-in-the-Family" voltooi het.

- d) Skooleksamens :

Die punte van die skooleksamens is van die skool verkry.

6.3.11 Vergelyking van die eerste en tweede evaluering

Na afloop van die tweede evaluering is die volgende resultate van elke groep met die eerste evaluering vergelyk om vas te stel of daar 'n verbetering al dan nie was :

- i) die leesouderdom;
- ii) die leesverwagtingsouderdom;
- iii) die leesverwagtingskwosiënt;
- iv) die leeskwosiënt;
- v) 'n vergelyking tussen die resultate van die "Persoonlikheidsvraelys vir Kinders" ;
- vi) 'n vergelyking van die resultate van die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test";
- vii) die "Draw-a-family"-tekentoets;
- viii) die vergelyking van die "Child in School";
en
- ix) 'n vergelyking van die "The Child in the Family".

Elke groep se resultate van die eerste en tweede evaluering is vergelyk om vas te stel in watter mate elke groep self baat gevind het by die ortopedagogiese en ortodidaktiese hulpverlening.

6.3.12 Die derde evaluering

Met die derde evaluering, wat nege maande na die tweede plaasgevind het en dus ook nege maande nadat die voorligting aan die ouers en die remediërende leesonderrig aan die kinders gestaak is, is dieselfde toetse wat met die tweede evaluering gebruik is, weer op die leerlinge toegepas. Hierdie evaluering het aan die einde van Maart 1977 plaasgevind.

Die doel van hierdie evaluering was om die mate van leesvordering of die mate van agteruitgang nege maande na afloop van die ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aan die drie groepe vas te stel. Daar is dus vasgestel watter groep se langtermynverbetering die beste was en watter ortopedagogiese of ortodidaktiese hulpverlening die effektiëfste was. Vir dieselfde doel is die resultate van die ander toetse, projektiewe tegnieke en vraelyste ook vergelyk.

6.3.13 Vergelyking van die eerste, tweede en derde evaluering

Groepe A, B en C se resultate van die drie eva-

luerings is ten opsigte van die volgende veranderlikes met mekaar vergelyk:

- i) die leesouderdom;
- ii) die leesverwagtingsouderdom;
- iii) die leesverwagtingskwosiënt; en
- iv) die leeskwosiënt.

Volgens die vergelyking tussen die resultate van die eerste en tweede evaluering, sou die mate van vordering in leesvermoë vasgestel kon word. 'n Vergelyking tussen die resultate van die drie groepe sou die groep of groepe wat die beste en die swakste vordering getoon het, uitwys.

Volgens die vergelyking van die resultate van die eerste en tweede evaluering, sal bepaal kan word of voorligting aan ouers op enige wyse 'n uitwerking het op die leesverbetering van leesvertraagde leerlinge en ook of daar verskille voorkom in die leesvermoë van die verskillende groepe leerlinge.

'n Vergelyking tussen die resultate van die tweede en derde evaluering sal aantoon watter van die drie groepe enige langtermynverbetering getoon het. Hiervolgens sal ook bepaal kan word of voorligting aan ouers van leesvertraagde leerlinge as metode enige sukses het op die langtermynverbetering van leesvertraging.

6.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig oor die empiriese onder-

soek aangebied op 'n tweeledige wyse. Ten eerste is die rasionaal, die empiriese navorsing en die ortopedagogiese hulpverlening van die onderskeie doelstellings van die ondersoek aangebied.

Ten tweede is 'n oorsig oor die metode van ondersoek aangebied.

In hoofstuk 7 sal 'n beskrywing van die toetse, projektiewe tegnieke en vraelyste wat met die ondersoek gebruik is, aangebied word.